# Les 3 TWEE VERSKILLENDE DRADE MET VERSKILLENDE DRAADJIES BINNE-IN: DIE WET EN DIE EVANGELIE IS TWEE VERSKILLENDE SAKE WAT UIT VERSKILLENDE DELE BESTAAN

## 1. Twee verskillende drade: die kragdraad en die stroomdraad

Ons het gesien die Bybel is soos ŉ elektriese koord: dit is die enigste woorde geskryf deur mense wat God se Woord binne-in hulle het. Ons het ook gesien die Woord van die Here bestaan uit twee drade binne-in een koord: binne die die Bybel kry ons twee drade, die Wet en die Evangelie.

Wat nou verder belangrik is: hierdie twee drade is verskillende soorte drade.

Kom ons kyk binne-in die koord! Die een draad is blou en die ander draad is bruin. Dit is hoe die koord van begin tot einde is: binne-in is twee verskillende drade: bruin en blou!

Hoekom dink julle het mense elektriese drade só gemaak: in die koord is daar altyd ŉ blou draad en ŉ bruin draad? Hoekom het hulle nie maar ŉ koord met twee bruin drade, of ŉ koord met twee blou drade in gemaak nie? Of nog beter, hoekom maak hulle nie elektriese koorde met pienk, oranje, wit, swart en pers drade in nie?

Altyd twee drade – blou en bruin!

Die rede hiervoor is dat daar altyd binne-in ŉ elektriese koord nét twee verskillende soorte drade is: die kragdraad en die stroomdraad.

- Die kragdraad is die draad waarin al die krag vanaf die kragsentrale na die ketel vloei.
- Die stroomdraad is die draad waarin al die stroom vanaf die ketel na die kragsentrale toe terugvloei.

Dit is die rede hoekom daar altyd twee drade binne-in ŉ elektriese koord is: omdat daar twee verskillende dinge is wat vloei: krag en stroom. Daar is nie ander kleure drade nodig nie, want daar is niks anders binne-in die koord as krag en stroom nie.

Die groot verskil tussen krag en stroom, is die rigting: die krag vloei vanaf die kragsentrale na die ketel, en die stroom vloei vanaf die ketel na die kragsentrale.

## 2. Die Evangelie en die Wet gaan oor God se liefde wat na ons vloei, en ons liefde wat na God vloei

Net soos ŉ elektriese koord, bestaan die Bybel ook altyd uit twee verskillende dele. Die rede hoekom daar altyd in die Bybel twee verskillende dele is, is omdat dit in die Bybel óók gaan oor twee verskillende sake, wat in twee verskillende rigtings vloei.

Wat is hierdie twee verskillende sake wat in verskillende rigtings vloei?

Dit is 1) Ons liefde vir God; en 2) God se liefde vir ons!

Hierdie twee sake is nét so verskillend soos krag en stroom: dit kan nooit dieselfde saak wees nie. Dit is en bly altyd verskillende sake, van begin tot einde.

Watter een is watter een?

God se liefde vir ons is altyd – krag; en ons liefde vir God is altyd – stroom. God se liefde vir ons is die bruindraad, en ons liefde vir God is die bloudraad.

**3. Elke koord het sy eie draadjies: die Wet en Evangelie het hulle eie dele**

Kom ons vat nou hierdie bloudraad en sny hom oop. Wat sien julle nou binne-in? Baie koperdraadjies! Binne-in die bloudraad is daar nie net een koperdraadjie nie, daar is baie.

Kom ons vat nou die deel van die Bybel wat Die Wet genoem word, dit is Exodus 20, en kyk hoeveel reëls is binne die Wet!

**Die Wet van God**

*"Toe het God al hierdie gebooie aangekondig: [2] "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. [3] Jy mag naas My geen ander gode hê nie. [4] "Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. [5] Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, [6] maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam. [7] "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie. [8] "Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. [9] Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, [10] maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. [11] Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig.*
*[12] "Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee. [13] "Jy mag nie moord pleeg nie. [14] "Jy mag nie egbreuk pleeg nie. [15] "Jy mag nie steel nie. [16] "Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie. [17] "Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie."*

Daar is Tien reëls binne-in die Wet van God.

Kom ons vat nou die bruindraad en sny hom ook oop! Wat sien ons binne, net een koperdraadjie of ook baie? Baie!

Kom ons vat nou die deel van die Bybel wat die Evangelie genoem word, en kyk hoeveel dele het die Evangelie binne-in hom!

**Die Evangelie: Die Apostoliese Geloofsbelydenis**

Artikel 1: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde;
Artikel 2: en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
Artikel 3: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;

| | |
|---|---|
| Artikel 4: | wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is, en neergedaal het na die hel; |
| Artikel 5: | wat op die derde dag opgestaan het uit die dood; |
| Artikel 6: | opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, |
| Artikel 7: | vanwaar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. |
| Artikel 8: | Ek glo in die Heilige Gees; |
| Artikel 9: | ek glo aan ’n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; |
| Artikel 10: | die vergewing van sondes; |
| Artikel 11: | die opstanding van die liggaam |
| Artikel 12: | en ’n ewige lewe. |

Hoeveel dele sien ŉ mens as jy binne-in die Evangelie kyk? Ons sien twaalf.

Sommer net vir onsself, en sommer net om te onthou: die bruindraad het altyd twaalf draadjies binne-in, en die bloudraad het altyd tien koperdraadjies binne-in.

| | |
|---|---|
| Bruindraad (Evangelie) | 12 |
| Bloudraad (Wet) | 10 |

**4. <u>Die koord werk net as ál die draadjies saamgebondel is: die Wet en Evangelie werk net as dit die héle Wet en die héle Evangelie is</u>**

**Altyd saam in ŉ bondel**

Hoe werk die bloudraad? Altyd met ál die draadjies saam in ŉ bondel. Jy kan nie besluit jy trek van die draadjies uit en gebruik net een of twee van die koperdraadjies nie. Net so werk die Wet van God. Jesus stel dit in Sy eie woord só:

[7] *“Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry.* [18] *Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is.* [19] *“Wie dan ook een van die geringste van hierdie gebooie ongeldig maak en die mense so leer, sal die minste geag word in die koninkryk van die hemel. Maar wie die wet gehoorsaam en ander so leer, sal hoog geag word in die koninkryk van die hemel*.” (Matt. 5)

Jy kan nie besluit jy gooi die gebod: “Jy mag nie steel nie”, uit nie. Dit is soos om koperdraadjies uit die bloudraad af te breek.

Hoe werk die bruindraad? Altyd met ál die draadjies saam in ŉ bondel! Jy kan nie besluit om te glo is maar net om in Jesus te glo, maar nie in die Vader en die Heilige Gees nie. Jy kan ook nie besluit jy glo net Jesus het vir jou sonde gesterf, maar jy glo nie Hy het uit die dood opgestaan nie. ŉ Mens gaan nie en trek koperdraadjies uit ŉ bruindraad nie. Hulle moet almal saamwerk.

Net so werk die evangelie ook: al twaalf die dele werk saam, gelyk. Nooit een-een of net ŉ paar saam nie.

**Altyd gelyk en eweveel**

Die koperdraadjies in die blou- en bruindraad werk altyd elkeen gelyk en eweveel. Net so werk die Wet en die Evangelie.

‘n Mens kan nie sê as jy 5 jaar oud is, werk net die gebod: eer jou vader en moeder, en as jy 10 jaar oud is, kom die gebod: jy mag nie steel nie, by en as jy 16 jaar oud is, kom die gebod: jy mag nie egbreuk pleeg nie, by nie. Dit is simpel. Al die gebooie werk vir almal, saam en gelyktydig.

Net so ook die Evangelie. ŉ Mens kan nie sê as jy 6 jaar oud is, het Jesus vir jou sonde gesterf; as jy 10 jaar oud is, dan tel dit dat Jesus uit die dood uit opgestaan het, en as jy 16 jaar oud is, dan ontvang jy eers die Heilige Gees nie. Die Evangelie se dele werk almal gelyk – altyd – nes die koperdraadjies in ŉ bruindraad.

**5. <u>Elke draadjie verskil: elke deel van die Wet verskil van elke deel van die Evangelie</u>**

Elke draadjie binne-in die bloudraad is ŉ ander draadjie as die draadjies binne-in die bruindraad. Net so werk die Wet en die Evangelie.

Kyk of julle iets van die wet: ‘Jy mag nie steel nie’, binne-in die Evangelie se twaalf dele kan kry! Daar is niks van ‘Jy mag nie steel nie’ binne-in die Evangelie nie.

Kyk of julle iets van ‘Jesus het vir ons sondes gesterf’ binne-in die Tien Gebooie kan kry! Daar is niks van die Wet binne-in die Evangelie nie.

**6. <u>Soort by soort</u>**

Watse sake word alles deur die Wet bymekaargehou?

Alles wat ons vir God moet doen. Alles wat ons doen om God lief te hê, is binne-in die Wet. Dit is soos die bloudraad. Die bloudraad vat al die draadjies waarin stroom vloei, saam in een bondel.

Watse sake word deur die Evangelie bymekaargehou?

Alles wat God doen om ons lief te hê. Alles wat God doen om ons in Sy liefde te laat deel, is binne-in die Evangelie.

Niks van die Wet kom by die Evangelie nie, en niks van die Evangelie kom ooit by die Wet nie. Soort by soort. Alles wat God vir ons doen sodat ons Sy liefde kan ontvang, is in die Evangelie, en alles wat ons moet doen om God lief te hê, is in die Wet.

Dis die bloudraad en bruindraad van die Bybel. Nooit mag een van die koperdraadjies van die bloudraad óóit raak aan die koperdraadjies van die bruindraad nie. Hulle is en bly twee verskillende drade wat nooit met mekaar mag meng of kontak maak nie.

Hierdie twee dele moet altyd langs mekaar wees en geen deel mag oorskuif na die ander kant toe nie:

| **DIE WET (BLOUDRAAD)** | **DIE EVANGELIE (BRUINDRAAD)** |
|---|---|
| **1**. 3 Jy mag naas My geen ander gode hê nie. | **1.** Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde |
| **2.** 4 "Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. 5 Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, 6 maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam. | **2.** en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; |
| **3**. 7 "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie. | **3.** wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria |
| **4**. 8 "Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. 9 Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, 10 maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. 11 Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig. | **4.** wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het ; |
| **5.** 12 "Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee. | **5.** wat op die derde dag opgestaan het uit die dood; |
| **6.** 13 "Jy mag nie moord pleeg nie. | **6.** opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, |
| **7.** 14 "Jy mag nie egbreuk pleeg nie. | **7.** vanwaar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. |
| **8.** 15 "Jy mag nie steel nie. | **8.** Ek glo in die Heilige Gees |
| **9.** 16 "Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie. | **9.** ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges |
| **10.** 17 "Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie." | **10.** die vergewing van sondes |
| | **11.** die opstanding van die liggaam |
| | **12.** en 'n ewige lewe |

## 7. ’n Wenk vir Bybellees

As jy die Bybel lees moet jy altyd onthou die Wet is altyd die héle Wet, al Tien Gebooie, en die Evangelie is altyd die héle Evangelie – al twaalf artikels saam.

Al word net een wet of een deel van die evangelie genoem – jy moet altyd hierdie deel pas by óf die hele Wet, óf die hele Evangelie.

Jy mag nie ’n deeltjie van die Wet pas by die Evangelie, of andersom nie. Dan maak jy ’n kortsluiting in die godsdiens.

## 8. Oefening

Kom ons kyk wat sien jy as jy die woorde “Wet” en “Evangelie” lees in die Bybel:

### Romeine 13

*“ 10 Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet.”*

“Die volle uitvoering van die wet”, beteken om alles te doen wat die Wet vra. Wat sien jy raak as jy hierdie woord sien: “die wet”?

Onthou dit is die bloudraad in die Bybel! Jy moet dadelik ál Tien Gebooie gelyk raaksien. Jy kan nie net een of twee van die gebooie hier raaksien nie. “Wet” is altyd al tien saam. Kyk na die vorige verse, agt en nege.

*“ 8 Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit. 9 Al die gebooie: “Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie,” of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.””*

Hier wys Paulus vir ons “wet” is altyd al die gebooie saam in ’n bondel. Hulle werk nooit een-een of net ’n paar saam nie.

### Romeine 1: 1 & 2

Kom ons lees die eerste twee verse van Romeine saam:

*“Van Paulus, ’n dienaar van Christus Jesus, geroep om apostel te wees, afgesonder vir die evangelie van God. 2 Hierdie evangelie het Hy vooruit deur sy profete in die Heilige Skrif aangekondig,”*

As jy hierdie woord “evangelie” sien, moet jy onthou dit is die bruindraad. Dit bondel 12 draadjies saam wat altyd saamwerk. Jy mag nie net een deeltjie raaksien soos: “Jesus het gesterf” nie. Dit is maar net een van die twaalf deeltjies.

Kyk hoe verduidelik Paulus dit in die volgende verse:

*"3 en dit handel oor sy Seun. As mens is Hy uit die geslag van Dawid gebore; 4 op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag beklee is, Jesus Christus ons Here. 5 Deur Hom het ek die genade ontvang om apostel te wees onder al die heidennasies, om tot eer van sy Naam mense tot geloof en so tot gehoorsaamheid te bring. 6 Julle is hierby inbegrepe; ook julle is geroep om aan Jesus Christus te behoort."* Rom.1

Die Evangelie gaan gelyktydig oor al die dele saam.

Dit is hoe jy die Bybel moet lees: "Evangelie" is die bruindraad binne die Bybel, met 12 deeltjies binne-in wat altyd saam is, al word net die een woord, "Evangelie" gebruik.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

___________________________________

Handtekening: ouer of voog